higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3

(11020263)

12 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Verpakkingstegnieke verwys na die beperking van verskillende tipes vrag wanneer dit per pypleiding vervoer word.

1.2 Hantering van toerusting word steeds algemeen in baie pakhuise oor Suid-Afrika met die hand gedoen.

1.3 'n Aantal laaidokke word benodig om geskikte bergingsruimte te kies.

1.4 Waarheidsmoment is die blywende konneksie tussen 'n kliënt en diensverskaffer.

1.5 Aankope hou verband met 'n situasie van onvoldoende voorraad wat 'n onderneming se reputasie skade kan berokken.

1.6 Dooie of onverkoopbare voorraad hou geen verkoopswaarde vir die maatskappy in nie.

1.7 Die vereistes vir verpakking en werksgebied verskil grootliks van bedryf tot bedryf.

1.8 Mobiele rakke word op mobiele platforms gemonteer.

1.9 Problematiese kliënte kan uitgeken word as diegene wat onbeskof en kwaad is en altyd kla.

1.10 As die kliënt 'n klagte indien, moet jy jou klagtehanteringsbeleid volg.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die onderstaande lys te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

voorrade; gevolge; skroot; herwin; belemmer; verpak; logistiek; verpakking; spesifikasie; produk

2.1 Om items te ..., behels om dit van totale vernietiging te red en weer te gebruik.

2.2 ... verwys na weggooibare afvalmateriaal.

2.3 Die verkeerde terreinseleksie sal sakesukses ... vir 'n lang tyd nadat die pakhuis gevestig is.

2.4 Die verkeerde terreinseleksie hou baie ... in.

2.5 Die manier waarop goedere en materiaal ... word, maak dit ook makliker om te hanteer en te vervoer.

2.6 Vervoer is een van die belangrikste faktore in die ... van 'n onderneming.

2.7 Deurvoer- ... is goedere wat in die proses is om na die kliënt vervoer te word.

2.8 Die ... is die belangrikste deel van enige tenderdokument.

2.9 'n Bestelling gaan altyd die ... van goedere vooraf.

2.10 'n ... kan herwin word om dit vir 'n heeltemal nuwe doel te gebruik.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Noem VIER voordele van lugvervoer. (4 × 2) (8)

3.2 Noem TWEE items wat per pypleiding vervoer kan word. (2)

[10]

VRAAG 4

4.1 Beskryf VYF pakhuis- en bergingsbestuur-uitdagings in Suid-Afrika. (5 × 2) (10)

4.2 Noem SES verpakkingstegnieke wat in vragtransport gebruik word. (6 × 2) (12)

4.3 Beskryf een uitdaging wat met die bestuur van pakhuise en die berging van goedere verband hou. (1)

[23]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Definieer die begrip *vooruitskatting op aanvraag*. (3)

5.2 Beskryf die volgende TWEE metodes kortliks:

5.2.1 Pareto-ontleding

5.2.2 ABC-klassifikasie

(2 × 3) (6)

5.3 Noem VYF kategorieë van materiaalhantering. (5 × 2) (10)

5.4 Noem SEWE gevolge van onbehoorlike voorraadbeheer. (7)

[26]

VRAAG 6

6.1 Noem VYF betalingsopsies en verduidelik elkeen breedvoerig. (5 × 2) (10)

6.2 Aankoop-tot-betaling-vorm.

Bestudeer die volgende diagram noukeurig en gebruik die inligting in die onderstaande raampie om die ontbrekende prosesse in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (6.2.2–6.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer. Let wel: 6.2.1 is reeds voltooi.

ontvang goedere; betaal die verskaffer; onderhandel oor en formaliseer ooreenkoms; verkry kwotasies; assesseer aanbiedinge; plaas bestelling

Aankoop-tot-betaling-vorm



(6 × 2) (12)

6.3 Noem ALLE bestellingsontvangs-opsies. (5 × 1) (5)
[27]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik en omskryf SES aspekte van die hantering van kliëntklagtes. (6 × 2) (12)

7.2 Verduidelik die diensondersteuning wat kliënte vereis. (3 × 2) (6)

7.3 Definieer TWEE belangrike aspekte van instandhouding en diens-ondersteuning wat voertuie betref. (2 × 2) (4)
[22]

VRAAG 8

8.1 Beskryf en verduidelik SEWE belangrike herwinning- en skrootverwyderings-metodes. (7 × 2) (14)

8.2 Verduidelik die kriteria en wetgewende raamwerk vir die beskerming van die omgewing tydens herwinnings- en skrootverwyderingsverrigtinge, en noem enkele voordele van herwinning. (4 × 2) (8)
[22]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou